Gedruk deur: NG Rondebosch

BULLETIN

08 Januarie 2023

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to the community with joy and with open doors.

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za
Besoek ons by: www.ngrondebosch.com
ABSA Claremont, Rek 2870141125 Tak 632005 Swift Code: ABSAZAJJ
Ons gemeente het nou 'n kaart-fasiliteit vir betalings. Vra gerus vir Koos.

SnapScan

PROGRAM VIR VANDAG

Baie welkom by ons Erediens. Ons diens word vanoggend 10:00 regstreeks op
NG Rondebosch se Facebookblad en Zoom uitgesaai.
Die Zoom-skakel sal nou telkens dieselfde wees.

https://us02web.zoom.us/j/83804447977?pwd=Y2M2U2h4YlJJd

FhkbzE4T0RiMDZxQT09

Meeting ID: 838 0444 7977 **Passcode:** 691201

10:00 DR JOHAN VAN DEN HEEVER
Skriflesing: Matteus 3:13-17
Tema: Die goeie nuus van die evangelie: Jy is regtig ok!
Deuroffer: Arbeidsbediening

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

Lorraine Edwards	13 Januarie
Martie van Heusden	13 Januarie

Januarie-maand Offers

Dankoffers R 10167
(Mikpunt: R53 333)

Erediensoffers: R 450
(Mikpunt: R12 000)

Baie dankie vir elkeen se bydrae .

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag-Donderdag
10:00 Week van Gebed
Huis Lückhoff

Woensdag:
19:30 Woensdagaand-Selgroep

Saterdag
09:00 Gebedsimfonie by die kerkkompleks
Ds Louwrens Scheepers kom gesels oor sy tyd in Marokko en sy verstaan van “Sendingwerk”

Woensdagaand “OOP DEUR” Selgroep: ons gaan nie met vakansie nie!!! Ons DEUR is OOP elke Woensdag gedurende Januarie om 19.30 vir enigiemand wat alleen is en geselskap nodig het.

GEBEDSVERSOEKE

Marietjie Geldenhuys, Rondebosch Medi Clinic
(Magda v Zyl se moeder)

MEDELYE MET DIE FAMILIE EN DIE VGK RONDEBOSCH
MET DIE AFSTERWE VAN DS BENNIE NICHOLS OP 2 JANUARIE.

Daar is altyd geleentheid om iemand wat swaarkry of siek is, te besoek. Daar is mense wat aangebied het om te help met vervoer na 'n dokter of winkels. Skakel ons gerus by die kerkkantoor, dan help ons jou om in kontak te kom met hierdie persone.

Skakel gerus ook die kerkkantoor indien jy huisbesoek verlang.

Liewe gemeente

Die jaar het op ‘n hartseer noot begin met die afsterwe van Ds Bennie Nichols van die VG Gem Rondebosch. Sy roudiens is Sondag 08 Januarie om 14:00 by die VG kerk in Athlone.

Die Week van gebed (Maandag tot Donderdag 10:00 Huis Lückhoff) gaan die week fokus op Lukas 24, die emosies van die Emmausgangers. Ons gaan dit toelig met Rembrandt se sewe kunswerke wat hy in sy leeftyd oor die Emmausgangers geskep het. Ons sluit die Week van gebed met ons Gebedsimfonie op Saterdag 14 Januarie (09:00-10:00). Ds Louwrens Scheepers was baie jare in Marokko. Hy kom praat met ons oor sy en sy gesin se belewenis daar en sy verstaan van “Sendingwerk”.

Onthou! Ons het ons Vrydagaandmark aangeskuif na die winter. Ons beleef dat daar te veel markte gedurende die somermaande is. Ons sal dié jaar kyk of ons binnehuise wintermark meer aftrek kry.

Die groot saak op ons agenda vir die jaar sal weer gesprekke met ander gemeentes wees oor die volhoubaarheid van ons eie gemeente. Met Ds Bennie se afsterwe en Dr Danie Nel (Wynberg) se emeritaat, is daar weer nuwe moontlikhede op die tafel. Miskien onthou julle dat Wynberg en Constantia gesprekke gevoer het oor moontlike samewerking. Dit het ongelukkig niks opgelewer nie. Constantia gaan ‘n afgetrede leraar beroep. Ons gesprekke met InVia gaan voort. Met hulle leraar, Pierre Du Plessis, se bedanking, is daar groot onsekerheid of hulle gaan voortgaan en of hulle gaan terugskuif na InVia Stellenbosch.

My persoonlike uitdaging is dat ek verlof moet neem voor einde Februarie. Ons verlof verval indien ons dit nie binne die finansiële jaar gebruik nie.

Vir oulaas: Voorspoed en seën vir 2023!

Groete

Johan van den Heever